Vierde Paassondag

3 Mei 2020 11:00

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Oorvloed of skaars genoeg?

Skriflesing: Johannes 10:1-10

Broodjies vir die pad

"Late modern society is principally concerned with purchasing things, in ever greater abundance and variety, and so has to strive to fabricate an ever greater number of desires to gratify, and to abolish as many limits and prohibitions upon desire as it can. Such a society is already implicitly atheist and so must slowly but relentlessly apply itself to the dissolution of transcendent values. It cannot allow ultimate goods to distract us from proximate goods. Our sacred writ is advertising, our piety is shopping, our highest devotion is private choice. God and the soul too often hinder the purely acquisitive longings upon which the market depends, and confront us with values that stand in stark rivalry to the only truly substantial value at the center of the social universe: the price tag."
— David Bentley Hart, The Experience of God: Being, Consciousness, Bliss

Despite the recent ferocious public debate about belief, the concept most central to the discussion—God—frequently remains vaguely and obscurely described. Are those engaged in these arguments even talking about the same thing? In a wide-ranging response to this confusion, esteemed scholar David Bentley Hart pursues a clarification of how the word "God" functions in the world's great theistic faiths.

Ranging broadly across Judaism, Christianity, Islam, Vedantic and Bhaktic Hinduism, Sikhism, and Buddhism, Hart explores how these great intellectual traditions treat humanity's knowledge of the divine mysteries. Constructing his argument around three principal metaphysical "moments"—being, consciousness, and bliss—the author demonstrates an essential continuity between our fundamental experience of reality and the ultimate reality to which that experience inevitably points.

Thoroughly dismissing such blatant misconceptions as the deists' concept of God, as well as the fundamentalist view of the Bible as an objective historical record, Hart provides a welcome antidote to simplistic manifestoes. In doing so, he plumbs the depths of humanity's experience of the world as powerful evidence for the reality of God and captures the beauty and poetry of traditional reflection upon the divine.

https://www.goodreads.com/book/show/17802922-the-experience-of-god

Mymeringe van 'n Kruiskerker nav die Emmaus verhaal:

Die Strand

24 April 2020

Môre Wynand,

Vandag is weer vullisdag. Dan staan ek vroeg op om die vullisdrom (onthou jy nog die woord, "askan"?) uit te neem en die herwinningsak buite te sit. Amanda sit nou in haar gemakstoel met Die Burger, koffie en beskuit en ek het gou jou vertaling gedoen. Eers nog handgeskrewe in potlood. Met die oortik kan ek dit hersien.

Ek sien dat die skrywer die "hy" deurgaans met 'n kleinletter skryf. Is dit die gewoonte in Engels, of doen hy dit hier spesifiek omdat hy nie die "hy" met 'n hoofletter tot die Christenbybel se betekenis wil vernou nie? Hy praat tog van "watter pad ons ook al volg". Dit is vir my in lyn met jou onderwerp, Die pad na jou Emmaus. Dit laat my ook dink aan daardie boekie van Marcus Borg, wat ek enkele jare gelede gelees het: " Looking at Jesus again for the first time".

Ek hou van "jou Emmaus". Dit weerspiëel vir my die gees wat ek hier by die Kruiskerk aangetref het, en wat maak dat ek dikwels terugkom om my vrae en soeke met ander nie-dogmatiese mense te deel. My godsdiensondervindings het begin met 'n benouende en vreesaanjaende tyd in die Nuwe Protestantse Kerk (Nou die "Evangelies Gereformeerde Kerk") met die Gog en die Magog en die Duisendjarige Vrederyk, die Groot Verdrukking en die Wederkoms wat my elke aand met vrees kooi toe laat gaan het. In 1956 is ons hele gesin toe weer terug na die NG-kerk. My ouers het in die veertigs Prottties geword toe dr De Vos destyds in Durban van die NG-kerk weggebreek het.

In die NG-kerk was dit aanvanklik vir my beter. Ek het selfs in 1957 eerste in Transvaal gekom in die Laer Deel (Laerskole) van die jaarlikse Bybelkenniseksamen. Op hoërskool was daar die CSV, wat soos by die Protties, sterk nadruk op wedergeboorte geplaas het. Maar al het ek self in 'n stadium "my hart vir die Here gegee", was daar nie vrede nie. Teen daardie tyd was ons almal so opgeduiwel deur die kerk en die grootmense se bekrompenheid oor fliek, dans, vrouens wat hulle lippe rooi maak en rooi naellak dra, ook langbroek dra, en ander normale dinge soos die veranderinge aan ons lywe tydens puberteit en ook ander gevoelens en gewaarwordings in die geselskap van ons kindermeisiemaatjies, wat nou jong vrouens begin word het. Gevoelens en belewenisse wat normaal en mooi moes wees, is almal verdoem tot die vullishoop van vieslikheid en sonde.

Toe kom Boerematriek en in my ouer broer se "hand-me-down"-pak staan ek saam met 'n paar ander maats en skoolvriendinne , hulle pragtig in hulle wit rokke, en gewapen met 'n "Kort Begrip" van die omvang van ons sonde en ellende; hoe ons verlos kan word en hoe ons daarna vir ons redding dankbaar moet wees. En ons vertel aan die gemeente dat ons glo aan 'n god wat een is, maar tog drie met o.a. 'n seun wat aan sy regerhand sit. Verder bely ons geloof in die maagdelike geboorte, die wederopstanding van die vlees en dat ons in sonde ontvang en gebore is en aan die verdoemenis in Adam deel het. Toe kom die universiteitsjare en ek begin wyer lees en gesels, en die vrae kom. Tog bly ek in die kerk en word later selfs diaken – maar met 'n tanende deelname en belangstelling. Uiteindelik, na my egskeiding breek ek ook sommer bande met die NG-kerk, veral oor hulle ondersteuning van Apartheid.

Vir baie jare daarna was godsdiens vir my op die agtergrond. Ek het net tydens begrafnisse en troues die binnekant van 'n kerk gesien. Toe trek Sakkie Spangenberg se storie met die NG-kerk my aandag en begin ek die publikasies van die Nuwe Hervorming lees. Dit was amper twintig jaar gelede. Intussen het ek vragte boeke oor Jesus en oor wie en wat Hy was, gelees. Ook oor Paulus en die vier evangelies. Ook oor evolusie en die hele debat oor "intelligente ontwerp". In hierdie tyd het ek weer begin om kerkdienste by te woon in die St Columba Presbiteriaanse Kerk in Parkview, Johannesburg. Hansie

Wolmarans, een van die Nuwe Hervormers was daar in ‘n tentmakerspos. Daar het ek ook die voorreg gehad om te gesels met John Selby Spong, die sogenaamde “ateïstiese biskop” en skrywer van o.a. ‘n boek met die titel “Jesus for the non-believers”.

My slotsom is, dat ons nooit sal weet nie. Dat die mens met die ontwikkeling van selfbewussyn ‘n vrees vir die dood ontwikkel het. Die idee van ‘n ander wêreld bokant ons fisieke wêreld het op allerhande maniere veld gewen. Dit het aanleiding gegee tot die geleidelike ontwikkeling van ‘n godsbeeld en verhale en vertellings oor hierdie opperwese(ns). Soos ons taalvermoë geleidelik ontwikkel het, het ons stories begin vertel oor die gode en oor god. Stories werk veral met metafore en so word god toe vir baie ‘n superkoning op ‘n troon iewers bo die wolke. Met vandag se wetenskaplike kennis oor die mens, sy ontwikkeling en ons klein planeet se plek in die heelal, weet ons dit is nie waar nie. Maar tog, hoe ek daarna kyk, kan ek nie anders as om te erken dat biologiese evolusie nie die finale antwoord kan wees nie. ‘n Klompie selle in ‘n poel kan dalk saambind en spontaan ‘n lewende organisme vorm, maar dit verklaar nie vir my daardie groot sprong tot selfbewussyn en metadenke wat by die mens teenwoordig is nie. Iewers moes daar ‘n soort ingyping van buite gewees het. En soos my vriend, Koos Stofberg, in lewe teoloog en filosoof, altyd gesê het, “oor daardie mag wat die oerknal laat gebeur het, moet ‘n ou nie teveel probeer sê nie. Dit is beter om jou bek te hou en bloot net verwonder te wees oor die misterie”.

Ek dink dit is wat ek hier by die Kruiskerk ook sien, ‘n verwondering oor die misterie. Baie daarvan is gegiet in die Gereformeerde Christelike yk, want dit is die raamwerk waarin ons grootgeword en opgevoed (soms opgefoeter) is. Dit is vir my lekker om na al die jare, omring te wees deur ‘n Gideonsbende (“bende” hoef dus nie noodwendigs iets negatiefs te wees nie) wat ook twyfel, wat vrae vra en telkens weer die ding van ‘n ander kant af bekyk.

Ek hoop ek maak vir jou effens sin. Hier onder is die vertaling.

Pieter

“Ek glo dat, òf ons hom erken of nie, òf ons in hom glo of nie, òf nie eens sy naam ken nie, hy keer op keer kom en ‘n klein entjie met ons saamstap, ongeag van watter pad ons ook al volg. En ek glo dat deur iets wat met ons gebeur, òf iets wat ons sien, òf iemand wat ons ken - ons kan onsself maar net indink hoe en waar en wanneer? – hy iets aan ons bied, op die wyse waarop hy dit by Emmaus gedoen het, die brood van die lewe, bied hy aan ons nuwe hoop, ‘n nuwe soort lig wat selfs die donker wêreld nie kan uitdoof nie.”
— F Beuchner

Brood vir die pad

“On Generosity

On our own, we conclude:
there is not enough to go around

we are going to run short
of money
of love
of grades
of publications
of sex
of beer
of members
of years
of life

we should seize the day
seize our goods
seize our neighbours goods
because there is not enough to go around

and in the midst of our perceived deficit
you come
you come giving bread in the wilderness
you come giving children at the 11th hour
you come giving homes to exiles
you come giving futures to the shut down
you come giving easter joy to the dead
you come – fleshed in Jesus.

and we watch while
the blind receive their sight
the lame walk
the lepers are cleansed
the deaf hear
the dead are raised
the poor dance and sing

we watch
and we take food we did not grow and
life we did not invent and
future that is gift and gift and gift and
families and neighbours who sustain us
when we did not deserve it.

It dawns on us – late rather than soon-
that you “give food in due season
you open your hand
and satisfy the desire of every living thing.”

By your giving, break our cycles of imagined scarcity
override our presumed deficits
quiet our anxieties of lack
transform our perceptual field to see
the abundance.....mercy upon mercy
blessing upon blessing.

Sink your generosity deep into our lives
that your muchness may expose our false lack
that endlessly receiving we may endlessly give
so that the world may be made Easter new,
without greedy lack, but only wonder,
without coercive need but only love,
without destructive greed but only praise
without aggression and invasiveness....
all things Easter new.....
all around us, toward us and
by us

all things Easter new.

Finish your creation, in wonder, love and praise. Amen.”

— Walter Brueggemann

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877